

## FAKULTEIT VAN SOSIALE WETENSKAPPE.

### Die Grondprobleme van die Sosiologie.

'n Onderwerp soos die onderhawige waar dit gaan oor die grondprobleme van 'n wetenskap, is vanselfsprekend nie los te maak van die lewensbeskouing van die ondersoeker en ewe min van sy wysgerige standpunt nie. Op hierdie punt wil ons van meetaf niks in die onsekere laat nie. Die Christelik-reformatoriese lewens- en wêreldbeskouing lê ten grondslag aan hierdie beskouinge en in aansluiting daarby die moderne Calvinistiese wysbegeerte, met as uitgangspunt die skriftuurlike grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus in die gemeenskap van die Heilige Gees.

Die hart van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is die belydenis van die soewereiniteit van God oor die geskape werklikheid, 'n belydenis wat in radikale antitese staan tot die modern-humanistiese idee van die volstreekte outonomie of „selfwetgewing” van die menslike persoonlikheid in sy „rede” en wat hom met 'n rewolusionêre hartstog keer teen elke outoritêre binding wat deur die goddelike woordopenbaring aan die menslike denke aangelê word.

Aangesien die algemeen-wysgerige deel, asook die teorie van die menslike samelewing wetenskaplik-sosiologies uitgewerk is deur Dooyeweerd en sy volgelinge, sal ons aan die hand van hierdie konsep die probleem belig, sy dit dan ook dat hierdie beligting vanselfsprekend slegs voorlopig en nie volledig kan wees in die beknopte bestek van 'n artikel.

Die moderne sosiologie is in die begin van die vorige eeu vanuit Frankryk deur die graaf de St. Simon, en met name Auguste Comte as 'n inderdaad nuwe en selfstandige wetenskap geïntroduseer. Laasgenoemde het dit tegelykertyd tot kroonwetenskap verhef in die deur hom opgestelde ensiklopediese sisteem van wetenskappe. Sy veld van ondersoek was omskrywe as die wetenskap van die menslike samelewing.

Die huidige sosiologie egter vertoon die beeld van 'n verwarrende en bykans onoorsienbare verskeidenheid van rigtinge en strominge wat onderling soveel verskil in hulle opvattinge, sowel wat betref die veld van ondersoek as die metode van ondersoek, dat by die ernstige ondersoeker die vraag ontstaan of die naam sosiologie wel iets meer is as maar net die suggestie van 'n eenheid wat in werklikheid nie bestaan nie. Hierdie verwarring word in hoofsaak veroorsaak deur 'n gemis aan insig in die juiste betekenis en onderlinge verhouding van die grondprobleme waarvoor die menslike samelewing die teoreties-wetenskaplike denke plaas.

Hierdie grondvrae kan as volg geformuleer word:—

(1) Wat is die verhouding tussen die onderskeie en verskillende samelewingsverbande soos huwelik, huisgesin, kerk, staat, skool, bedryf, verenigingswese, vakorganisasies, maatskaplike organisasies ens., tot die voorasnog veertien modale aspekte van die geskape werklikheid soos getal, ruimte, beweging, organiese lewe, gevoel, logiese denke, geskiedenis, taal, omgang, ekonomie, estetiese harmonie, reg, moraal, en geloof, d.w.s. daardie synswyses, modaliteite, sinsye van die hele geskape werklikheid, wat ook ten grondslag lê aan die reële, konkrete samelewingsverbande van die menslike samelewing.

(2) Lê daar aan hierdie onderskeie samelewingsverbande sekere konstante strukture ten grondslag, konstant in die sin dat God by die Skepping alle samelewingsverbande geskape het na hulle eie aard en met hulle eie lewenswet, wat Hy onveranderlik veranker het in Sy skeppingsorde, of ontwaar ons in die loop van die tyd, d.w.s. in die historiese ontwikkeling alleen maar variabele en veranderlike samelewingverbande wat as uitgangspunt moet dien by die ondersoek van die menslike samelewing. Of is dit nie juis omgekeerd so dat hierdie konstante strukture eers die variabele samelewingsverbande moontlik maak nie.

(3) Wat is die verhouding tussen die onderlinge lewensverbande tot mekaar, en op watter wyse is hulle met mekaar vervleg.

(4) Waar vind hierdie samelewingsverbande hulle diepere eenheid en oorsprong.

Wat die eerste grondvraag betref, slaan die huidige sosiologie hoofsaaklik twee weë in. In die eerste geval vind ons in die gangbare sosiologie deurlopend die neiging om die samelewingsverbande op te vat as die produk, as 'n kompleks van natuur-kousale wisselwerkings tussen individue, as die eenvoudigste „elemente.” In hierdie geval word die werklikheid van die menslike samelewing afgesluit in die eerste vyf nie-normatiewe aspekte met 'n prinsipiële uitskakeling van alle latere normatiewe aspekte van die menslike samelewing.

Die redenering by hierdie opvatting was as volg: Die „ware wetenskap” het nie uit te maak nie hoe dit in die menslike samelewing behoort te wees nie maar hoe dit in die werklikheid **is**. Om nou sosiale verskynsels, sosiale feite, in hulle objektiewe gegeeheid te kan vat moet die ondersoeker begin met die uitskakeling van alle norme en alle waarderingsmaatstawwe.

Die sosiologie as wetenskap van die menslike samelewing word dan 'n natuurwetenskap, 'n empiriese d.i. op die ervaringsverskynsels gerigte wetenskap, wat hom moet besig hou met die „empiriese werklikheid” en nie met vrae van „So behoort dit te wees nie.” Hierdie opvatting van die aard van die sosiologie verraai sy naturalistiese kyk op die hele geskape

werklikheid, waarby die ondersoeker, gebonde aan sy wysgerige visie, ook die werklike menslike samelewing moet afsluit in sy fisies-psigiese aspekte, wat dan slegs volgens die natuurwetenskaplike metodes moet ondersoek word.

Die taak van die sosiologie sou dan niks anders wees as om 'n oorsaaklike verklaring van die sosiale verskynsels te gee nie, waarby in die vorige, en ook in ons eeu, die natuurwetenskaplike denkwysse met die daarby behorende natuurwetenskaplike ondersoekingsmetode as model vir die sosiologie gedien het. Hierdie uitskakeling van die normatiewe aspekte van die menslike samelewing is 'n verdere konsekwensie van sy natuurwetenskaplike metode van ondersoek.

Die tweede weg wat die huidige sosiologie inslaan is om die onderskeie samelewingsverbande op te vat as historiese totaliteite. Volgens hierdie opvatting word die menslike samelewing in sy onderskeie samelewingsverbande opgevat as historiese steeds veranderende sosiale verskynsels. Vir die verstaan van die historiese individualiteit van hierdie samelewingsverbande word as hulpmiddel benut die sgn. „ideaaltipes” wat deur Max Weber in die sosiologiese begrippewêreld ingevoer is. Hy sit uiteen hoe dat die ideaaltipes verkry word deur enkele trekke uit die „historiese werklikheid” van die verskynsels bewus te oordrywe en van alle ander trekke te abstraheer. Hy gee toe dat so 'n ideaaltipe nêrens in die historiese werklikheid suiwer terug te vind is nie. Hy het dan ook uitdruklik hulle betreklike willekeurige en konstruktiewe karakter erken, en verklaar dat hulle allermens as normatiewe tipes opgevat moet word nie.

Ook in hierdie kultuurwetenskaplike sosiologie bly dus alle normatiewe gesigspunt verbode en word die opvatting gehuldig dat die sosioloog die sosiale werklikheid in sy verskillende lewenskringe as historiese steeds veranderende feitlikhede kan ondersoek, los van alle normatiewe maatstawwe. Die uitskakeling van alle normatiewe gesigspunte uit die sosiale werklikheid beteken ook hier die uitskakeling van al daardie aspekte van die werklikheid wat na hulle struktuur 'n normatiewe geaardheid vertoon.

Sowel onder die heerskappy van die natuurwetenskaplike denkmethode, as onder die van die historiese denkwysse het die huidige sosiologie, as „empiriese” wetenskap die dogma gehuldig dat die wetenskap die sosiale werklikheid moet bestudeer soos hy **is**. Hierby het die ondersoekers van meetaf uitgegaan van die verkeerde veronderstelling dat „sosiale feite” op objektiewe wyse aan die waarneming gegee word op dieselfde wyse as wat dit die geval was met die objektiewe verskynsels van die natuurwetenskap.

Die ondersoekers het nie gerealiseer dat die menslike samelewingsverbande nie aan ons gegee word op die wyse van sinlik waarneembare „natuurfeite” wat geweeg en gemeet kan word en op objektiewe wyse in die sinlike waarneming toeganklik is nie. Huwelik, huisgesin, staat, kerk, klas, stand, bedryfsgemeenskap, ens. is nie groothede wat geweeg en gemeet kan word en volgens die natuurwetenskaplike metode verklaar kan word in die sin die vasstelling van natuur-wetmatighede wat immanent onafhanklik is van die mens, maar hulle word aan ons gegee as sosiale totaalstrukture of individualiteitsstrukture met normatiewe „wette,” in die sin van ’n struktuurwetmatigheid. Die tipiese strukture waarin die empiriese sosiale verhoudinge georden is, soos huwelik, huisgesin skoolverband, vakorganisasies is nie sinlik waarneembare groothede wat aan ons gegee word in ’n objektiewe sinlik waarnemingsruimte nie. In hulle reële konkrete werklikheid omvat hulle in beginsel al die modale aspekte van die werklikheid sonder onderskeid, dus ook die normatiewe aspekte. Hulle groepeer al hierdie genoemde aspekte op ’n tipiese wyse tot individuele totaliteite, tot strukturele gehele, en maak dit vir ons moontlik om die konkrete en in die tyd veranderlike verskynsels te ervaar.

Vir al hierdie en soortgelyke dwalings is die wysgerige standpunt van die moderne sosiologie verantwoordelik, nl. dit: dat die uitgangspunt van die wysbegeerte immanent gekies word in die teoretiese denke wat as selfgenoegsaam beskou word. In so ’n geval kan die ondersoeker geen norme, orde, struktuur laat geld wat nie uit die teoretiese denke sy uitgang neem nie. Immers hierdie wysgerige standpunt waarvan die heersende rigtinge stilswyend uitgaan staan en val met die geloof in die menslike outonomie in sy tipiese humanistiese sin, ’n geloof wat radikaal antiteties staan teenoor die aanvaarding van skeppingsordeninge waaraan die mens onafhanklik van sy subjektiewe denke en wil onderworpe is. Dit is gewortel in die kultus van die menslike persoonlikheid as „Selbstzweck” en eis vir die menslike persoonlikheid vryheid en outonomie op teenoor alle outoriteitsgeloof.

Wat die tweede grondvraag aangaan, word in die gangbare sosiologie die strukture van die menslike samelewing deurgaans vereenselwig met die „empiriese” variabele historiese vorme. Die gangbare sosiologie staan op hierdie punt vrywel oor die hele linie op historistiese standpunt, d.w.s. dit sien die samelewing in sy onderskeie strukture as ’n produk van historiese ontwikkeling wat vir konstante struktuurverskille tussen die samelewingsverbande en lewenskringe geen plek bied nie.

Hierby kom nog dat hierdie Historisme, losgemaak van die vryheid-idealisme, ’n positivistiese wending geneem en hom verbind het met die

evolusionistiese denkwysse van die Darwinisme en met die natuurwetenskaplike sosiologie. Hierdie positivistiese rigting in die moderne sosiologie het vir niks anders oog gehad nie as vir die variabele vorme waarin die onderskeie samelewingsstrukture hulle in die loop van die tyd werklik, dog het die konstante normatiewe struktuurwette self wat God vir die menslike samelewing verorden het, volkome uitgeskakel. Omdat hierdie bedoelde positiewe vorme 'n volstreekte wisselende karakter vertoon het hierdie positivistiese beskouing gelei tot volledige nivellering van die innerlike struktuurverskille tussen kerk en staat, huwelik en kame-raadskap, gemeenskap en maatskap.

Hierdie hele nivellering is slegs die konsekwensie van die positivis-tiese instelling in die wetenskap wat alleen die feite wil laat spreek, maar daarby die fundamentele waarheid oor die hoof sien dat die feite self aan ons slegs in bepaalde strukture gegee is, wat nie in menslike willekeur maar in die goddelike wêreldorde hulle grond vind.

Vir sover in die huidige sosiologie van „maatskaplike struktuur” gespreek word, is hierdie struktuurbegrip byna onveranderlik deur die natuurwetenskaplike voorstelling van die ewewigtige verbinding van „elemente” beheers, waarby die „verbindings” self as historiese varia-beles gedink word.

Die oplossing wat die moderne sosiologie bied vir die derde en vierde grondvraag (die van die onderlinge verhouding van die samelewings-strukture en van hulle diepere eenheid en oorsprong) word beheers deur twee onderling antagonistiese sosiologiese gedagterigtings, wat sedert Othmar Spann bekend is as die universalistiese en individualistiese rig-tinge.

Die Universalisme sien die individu slegs as 'n onselfstandige deel van die menslike samelewing, die geheel. Dit poog daarby die vervleg-ting van die samelewingsstrukture in die skema van die geheel en sy dele te vat en gaan dus uit van die moontlikheid om die verskeidenheid van die samelewingsstrukture as dele van 'n totaalstruktuur te vat. As sulke totaal strukture het die Universalisme op verskillende tye geponeer: die staat, die kerk (as geïnstitueerde organisasie van die hele Christen-heid, in die M.E.), die „maatskappy” as „organiese geheel,” die „kultuur-gemeenskap van die volkere.” In die moderne tyd kom dit in alle moont-like skakeringe opnuut tot openbaring. In ons dae het dit in die jongste vloedgolf van fashistiese, nasionaal-sosialistiese en kommunistiese univer-salisme met hulle prediking van die totalitêre staat, tot verwoestende openbaring gekom.

Die waarheidsmomente in hierdie moderne totaliteitsopvatting van die menslike samelewing was dat dit tereg ingesien het dat die veelheid

van samelewingsstrukture nie kan bestaan sonder 'n diepere eenheid en oorsprong nie. Die fout egter van die Universalisme was dat dit die diepere eenheid, wat inderdaad aan alle samelewingsverhoudinge ten grondslag lê, gaan soek in 'n tydelike gemeenskap. Hierin dus dat dit die worteleenheid van die tydelike menslike samelewing gesoek het in een van sy gemeenskapstrukture wat as hoogste totaalverband al die ander samelewingsstrukture as ongelyksoortige dele sal omvat.

Hierdie opvatting van die menslike samelewing is onverenigbaar met die insig in die innerlike struktuur en eie aard van die samelewingsverbande, want dit voer noodsaaklik tot 'n nivellering van hierdie strukture omdat dit nie insien dat niks deel kan wees van 'n geheel wat van 'n ander innerlike aard is as wat die geheel is.

Die Individualisme daarenteen gaan uit van die opvatting dat die menslike samelewing as uiters gekompliseerde gegewe alleen geken en verklaar kan word deur dit in sy eenvoudigste „bestanddele” te ontleed. Die samelewingsstrukture kan dus slegs vanuit hulle elementêre bestanddele begryp word, waarby dan gedink word aan die betrekkinge tussen die individue. Die vervlegting tussen die samelewingsstrukture word dan gesien as kousale wisselwerkinge van gekompliseerder karakter.

Op individualistiese standpunt word die eenheid van die geheel tot 'n fiktiewe denkkonstruksie. Die kontinue idente eenheid wat 'n samelewingsverband behou by die wisseling van sy lede, is dus nie meer 'n werklike eenheid maar bloot 'n subjektiewe verkorte samevatting deur die menslike bewussyn van wat in waarheid en werklikheid 'n onoorsienbare veelheid van sosiale verskynsels is.

Dit gaan dan ook nie om die juiste midde tussen Individualisme en Universalisme nie, maar om erkenning van die prinsipiële grense tussen die samelewingskringe, waaraan die goddelike wêreldorde 'n interne soewereiniteit in eie kring gewaarborg het en watter grense sowel deur die Individualisme en Universalisme misken word. Universalisme en Individualisme het beide slegs betrekking op die visie van die tydelike samelewing en kan die parsiële waarheidsmomente van die valse teorie waarbinne hulle optree nie waar maak nie. Die dilemma Universalisme-Individualisme lê binne die kader van die hele immanensie--filosofie wat gewortel is in 'n religieuse stellingkeuse in die hart, in die sentrum van die bestaan waarby op afgodiese wyse oorsprong en wortel van die menslike samelewing gesoek word in die geskape werklikheid.

Na hierdie uiteensetting sal dit wel duidelik wees dat al die grondprobleme van die sosiologie hulle toespits op die een grondvraag: die vraag hoe dit moontlik is om die groot verskeidenheid van modale aspekte

wat die samelewing vertoon, in 'n teoretiese totaalblik saam te vat en voorts hoe die sosiologie hom rekenskap kan gee van die wyse waarop hierdie aspekte in die onderskeie tipiese totaalstrukture van die menslike samelewing gegroepeer is tot geheel eie geaarde individuele totaliteite. Die laasgenoemde is die wesenlike struktuurprobleem vir die sosiologie. En waar dit gaan in die eerste plek om 'n insig in die tipiese totaalstrukture of individualiteitsstrukture van die menslike samelewing en om die verskillende maniere waarop hulle in die konkrete samelewingsorde onderling en onverbreeklik met mekaar vervleg is, is dit vir 'n christelike sosiologie die eerste prinsipiële eis om hom los te maak van die humanistiese visie op die menslike samelewing en 'n skeptiese houding aan te neem teenoor die hele pseudo--wetenskaplike metode wat die wesenlike strukture van die menslike samelewing uitskakel.

Aan die ander kant is dit vir hom wat die dringende behoefte aan die beoefening van die sosiologie op skriftuurlik-christelike grondslag ingesien het, noodsaaklik om 'n nuwe-fundering van die sosiologiese denke te vind wat aangedrywe word deur die grondmotief van die Woordopenbaring, nl. skepping, sondeval en verlossing deur Jesus Christus.

Uit die voorgaande blyk dit dat die sosiologie alleen as totaliteitswetenskap van die menslike samelewing kan bestaan, maar dan as totaliteitswetenskap wat inderdaad al die aspekte van die menslike samelewing in rekening bring, en haar onafwysbare taak is om al hierdie aspekte in 'n selfstandige sosiologies-teoretiese blik saam te vat. Dit veronderstel dat die sosiologie 'n idee moet hê van die onderlinge verhouding en samehang van die aspekte, van die plek wat elkeen inneem in die hele orde van aspekte, en eindelik van die wyse waarop hulle in die tipiese totaalstruktuur van die volle geskape werklikheid gegroepeer is tot 'n individuele geheel.

Hier is m.a.w. die hele teoretiese visie op die grondleggende struktuur van die hele geskape werklikheid in die geding. Die probleem wat hier aan die orde gestel is is ongetwyfeld van intrinsieke wysgerige aard en dit baat die sosiologie niks om dit met 'n groot gebaar op sy te skuiwe en te proklameer dat dit hom alleen tevrede stel met 'n ondersoek na die „empiriese verskynsels” nie, terwyl dan die wysgerige grondprobleem oorgelaat kan word aan die sosiale filosofie.

Uitgaande van die skriftuurlike grondmotief van die Christelike religie wat die grondslag van alle tydelike sosiale verhoudings in die botydlike religieuse wortelgemeenskap van die mensheid ontdek, en in sy skeppingsmotief die wetenskaplike blik skerp vir die eie aard van 'n samelewingsverband kan die veld van ondersoek van die algemene

sosiologie, as algemene struktuurteorie, as volg afgegrens woord:—

(a) Wysgerige sosiologie: die ondersoek van die onderskeie konstante strukture wat aan die menslike samelewing ten grondslag lê, en as sodanig eers al die wisselende vorme moontlik maak, as mede die ondersoek na hulle onderlinge verhouding en samehang. Dit is die taak van die wysgerige sosiologie. Geen enkele van die sosiale wetenskappe (sosiale aardrykskunde, sosiale biologie, sosiale psigologie, historieswetenskap, ekonomie, regs wetenskap, sosiale etiek ens.) kan hierdie taak vervul omdat die vakwetenskaplike beskouinge hierdie sosiale verhoudinge onder een bepaalde modale aspek ondersoek. Meer nog, waar die verskillende sosiale vakwetenskappe op hierdie samelewingsstrukture stuit, moet hulle juis die insig in die totaalstrukture aan die wysgerige sosiologie ontleen.

(b) Positiewe sosiologie; die ondersoek van die variabele vorme waarin die onderskeie struktuurtypes hulle in die menslike samelewing, deur menslike aktiwiteit en onder menslike doelstelling verwerklik, asmede die ondersoek na hulle onderlinge vervlegting en beïnvloeding in hulle konkrete bestaan. Dit is die taak van die positiewe sosiologie. (In die sosiologiese literatuur word dikwels die minder juiste benaming „empiriese” sosiologie gebruik in teëstelling tot die wysgerige sosiologie — minder juis omdat ook die wysgerige sosiologie hom aan die ervaring moet hou, as dit nie in willekeurige aprioristiese konstruksies wil verval, om die eenvoudige rede dat die teoretiese denkhouding voortdurend gebonde bly aan die gegewens van die voor-teoretiese werklikheidservaring. Hierdie ervaring word deur die wysgerige besinning verdiep, maar dit laat hom nie daardeur afbreek of elimineer nie). Die positiewe sosiologie is in sy visie op die tipiese strukture van die empiriese samelewing afhanklik van die wysgerige en hierdie laaste is gewortel in die religieuse grondmotief wat sy transendente uitgangspunt vorm.

So 'n nuwe fundering van die sosiologie sal wel deeglik profyt trek uit wat tot dusver deur die sosiologiese ondersoek verrig is, maar dan onder sterke skifting van die hierby ontdekte werklike stand van sake en van die wêreldbeskouing en ideologieë (Marxistiese sosiologie, Spenceriaanse sosiologie), wat agter die gepretendeerde onbevooroordeeldheid van die wetenskaplike ondersoek verberg is, en die interpretasie van die feite op fundamentele wyse beïnvloed. So kan bv. die ondersoek na die variabele positiewe vorme van die menslike samelewing, in sover hulle afhanklik is van menslike handeling wat op bewuste of minder bewuste wilsbeslissinge gebaseer is (oprigting van 'n bepaalde doelorganisasie) reg laat geskied aan Weber se tipologiese metode, maar dan vir die verkry van „Real”-tipes, nie „Ideal”-tipes nie.



So 'n sosiologie kan slegs geleidelik tot ontwikkeling kom, maar primêre eis daartoe is die reformatie van die gangbare visie op die sosiale werklikheid waartoe 'n skriftuurlike wysbegeerte 'n noodsaaklike voorwaarde is, en eindelik die radikale omsetting van ons hele wetenskaplike visie op die werklikheid deur die geestelike dryfkrag van die grondmotief van die Woordenbaring nl. skepping, sondeval en verlossing deur Christus Jesus.

Dat die Wysbegeerte van die Wetsidee dit ingesien het is sy eintlike betekenis, ook vir 'n Calvinistiese sosiologie. Hier is vir Christensosioloë wat daarby dankbaar gebruik kan maak van hierdie grondleggende werk en daarop kan voortbou, ongetwyfeld nog 'n ryke taak weg gelê.

D. C. S. DU PREEZ

Potchefstroom.

---